

Rekordhouding

Waarom is dit belangrik om goeie rekordhouding toe te pas in bokboerdery?

'n Goeie ooi kan soms in die seleksieproses in die slag bly, maar in die nastreef van die teeldoelwit van optimale reproduksie, skot die teler beslis al die ooie uit **wat nie optimaal reproduseer nie**.

Boerbokke is een van die vrugbaarste rasse in Suid-Afrika.

Om die ras se lam- en speenpersentasie te verbeter, moet ons by onself begin. Goeie lam- en speenpersentasie-syfers praat harder as 'n mooi skou- of vet kudde-ooi wat nie reproduseer nie.

Ons doelwit moet wees om meer, beter en swaarder lammers te speen.

- 1 Stel 'n lam- en speenpersentasiedoelwit en streef daarna om dit te verkry.
- 2 Rekordhouding is van die uiterste belang om te verseker dat die regte vervangingsooie behou word. Jong ooie moet vir 'n "proeftydperk" gehou word. As sy nie na 60 dae by die ramme dragtig skandeer nie, beteken dit sy weggelaai moet word. Ooie wat nie normaal in die veld kan lam nie of aborteer, moet geslag word, aangesien sy die lam- en speenpersentasie nadelig beïnvloed. Volgens statistiek het 'n ooi wat aborteer, 'n kans van 60% om dit te herhaal.
- 3 Aanvanklik gaan hierdie 'n pynlike proses wees, maar een wat **genadeloos toegepas** moet word.
- 4 Ramme wat gebruik word, moet uit 'n ooilyn gebore wees wat **konstant meer lammers** speen as wat sy lamkanse gehad het. Dié bloedlyn moet ook oor bogemiddelde groei-indeks beskik en die ram se vader se groei-indeks moet ook bogemiddeld wees. Dit help nie die ram is as tweeling gebore, maar sy ma het net twee lammers in drie of vier lamkanse geproduseer nie, en haar tussenlamperiode wys dit ook.
- 5 Dit is interessant om te sien hoe die statistiek van ramme se nageslag ten opsigte van reproduksie verskil. Dit is met rekordhouding moontlik om lui, minder vrugbare ramme en ramme wat minder meerlinge produseer, te identifiseer. Dit help nie lammers is prentjiemooi, maar daar is nie meerlinge nie, en die persentasie ooie wat van die betrokke ram dragtig geraak het, is as persentasie van die ander ramme ver ondergemiddeld nie. Die **doelwit is baie lammers van 'n hoë gehalte**.
- 6 Die enigste manier om winsgewend te boer, is om die **maksimum getal lammers** van die beste moontlike gehalte aan te kry. Begin eers om ooie wat nie gereeld lam nie, uit te skot. Daarna moet die klem uitgebrei word na tussenlamperiodes en moet ooie waarvan die tussenlamperiode langer as die doelwit is, uitgeskot word. Dit is maar net soos in rugby: Jy kan net die wedstryd met die bal wen. In stoet- of kuddeteling kan jy die wedstryd net met lammers wen en dus moet vrugbaarheid 'n eerste voorkeur-doelwit wees.
- 7 Dit maak net nie sin om met skouweners te boer wat swak aandeel nie. Die ideaal is 'n vrugbare ooi wat haar lammers goed grootmaak (bogemiddelde groei-indeks) en wat aan die rasstandaarde voldoen. Die verhoging van vrugbaarheid is omtrent 2% per jaar. Dit is dus nie iets wat jy oor 'n kort termyn gaan reg teel nie. Jy sal moet streng selekteer daarvoor en ongenaakbaar uitskot aan ooie wat nie aan jou reproduksie-verwagtinge voldoen nie.
- 8 Inteling beïnvloed reproduksie beslis nadelig, so ook die groeikragtigheid en siekte-weerstandigheid van ooie, aldus prof. Frikkie Naser van die Universiteit van die Vrystaat. **Lynteling** om sekere eienskappe binne die stoet te beklemtoon, in te bring of te versterk, kan gevolg word.
- 9 Aangesien dit nie help om te selekteer vir vrugbaarheid terwyl jy voortgaan met praktyke wat onvrugbaarheid bevorder nie, moet die hele produksiesiklus nagegaan word om te verseker dat korrekte en wetenskaplik gefundeerde boerdery-praktyke gevolg word. Dit is maklik om die kudde of die ras die skuld te gee vir lae vrugbaarheid, terwyl die teler se boerderypraktyke onder verdenking is. Vrae wat gevra kan word, is of die ramme vir *Brucella ovis* getoets is, is die kudde teen ensoötiese aborsie ingeënt, vind inteling nie op groot skaal plaas nie, hoe lyk die bekamping van probleemdiere, ensovoorts? Die doelwit van optimale reproduksie gaan beplanning en strategie verg:

- Ooie word voorberei deur hulle na die beste kamp te verskuif, hulle goeie prikkelvoeding te gee en hulle in te ent en te doseer voordat die ramme ingesit word om 'n opwaartse kurwe in gewigstoename te verseker, wat bevrugting gunstig beïnvloed.
- Die korrekte spuitprogram word gevolg, wat die toediening van multi-minerale insluit.
- Die opleiding van personeel is belangrik, aangesien hulle nie net die regte dinge moet doen nie, maar ook verstaan waarom dit die regte ding is om te doen. Wanneer elke personeelid verstaan waarom hy iets doen, laat hulle gewoonlik nie na om dit uit te voer nie.
- Skandering deur 'n kundige en ervare persoon bespaar baie geld, verkort tussenlamperiodes en help om onderpresteerders vinnig te identifiseer.

'n Australiese vriend van die Saundersons het 'n gesegde oor die uitskot van ooie: "You will lose some good ones, but luckily you will lose all the bad ones."

Geskryf deur: Johan Norval, Landbouweekblad, in samewerking met mnre. Charl Saunderson Snr en sy seun Charl.